

EKURHULENI-NOORD DISTRIK**LEWENSORIËNTERING****GRAAD 11****FINALE EKSAMEN****2017****PUNTE: 80****TYD: 1½ URE****INSTRUKSIES:**

1. Lees al die instruksies noukeurig en beantwoord die vrae.
2. Beantwoord die vrae soos volg:
 - Afdeling A (20 punte) en B (30 punte) is VERPLIGTEND.
 - Afdeling C (30 punte) bestaan uit DRIE vrae – beantwoord slegs TWEE vrae van die afdeling.
3. Skryf netjies en leesbaar.
4. Nommer jou antwoorde korrek.
5. Gebruik jou tyd effektief.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye (ingesluit die voorblad).

AFDELING A: (VERPLIGTEND)

Beantwoord **AL** die vrae in die afdeling.

VRAAG 1: MULTI-KEUSE VRAE

- 1.1 Kies die korrekte antwoord van die vier moontlike opsies wat gegee word. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer, b.v 1.1.11 A
- 1.1.1 Gevegte met iemand om meer mag te kry of om jou mag te behou word genoem.
- A. Magsbalans
 - B. Magsworsteling
 - C. Magsongelykheid
 - D. Geslagsongelykheid
- (1)
- 1.1.2 Watter Suid-Afrikaanse demokratiese strukture maak aanbevelings oor diensteverskaffing?
- A. Nasionale regering
 - B. Provinsiale regering
 - C. Plaaslike regering
 - D. Tradisionele leiers
- (1)
- 1.1.3 Hoe lank neem dit vir glas om te verweer?
- A. 20 jaar
 - B. 2 000 jaar
 - C. 10 000 jaar
 - D. 1 miljoen jaar
- (1)
- 1.1.4 Die 'SMART'- metode wat gebruik word wanneer jy jou doelwitte stel, beteken dit is ...
- A. Simpel, Meetbaar, Aantasbaar (Bereikbaar), Realisties, Tydgebonde
 - B. Simpel, Meetbaar, Aantasbaar (Bereikbaar), Realiteit, Tydgebonde
 - C. Spesifiek, Meetbaar, Aantasbaar (Bereikbaar), Realisties, Tydgebonde
 - D. Spesifiek, Meetbaar, Verkrygbaar, Realiteit, Tydgebonde
- (1)
- 1.1.5 As jy meer linkerein-georiënteerd is ...
- A. eindig jy wat jy begin het.
 - B. plaas jy inligting onder opskrifte.
 - C. beantwoord jy eerste die feitlike vrae in jou vraestelle.
 - D. maak jy opsommings om jou te help om te fokus.
- (1)

- 1.1.6 'n Baccalaureusgraad ...
- A. fokus op beginsels, teorie en navorsing.
 - B. fokus hoe om die kennis toe te pas in die werksplek.
 - C. voorsien jou van uitgebreide en spesialiskennis.
 - D. stel jou instaat om te werk in 'n spesifieke bedryf. (1)
- 1.1.7 Geld wat 'n besigheid of 'n organisasie aan jou toeken, omdat jy goed doen in jou studies of sport, word 'n ... genoem.
- A. studiebeurs
 - B. internskap
 - C. studielening
 - D. leerlingskap (1)
- 1.1.8 Doeltreffende tegnieke en planne om te studeer, word ... genoem.
- A. studievaardighede
 - B. studiestyle
 - C. studiestrategieë
 - D. studiemetodes (1)
- 1.1.9 Vryheid van geloof, oortuiging en opinie beteken ...
- A. jy kan saam met ander mense bymekaarkom, 'n demonstrasie hou en 'n petisie lewer.
 - B. jy het die reg om gelyk behandel te word en te werk in 'n gesonde omgewing.
 - C. jy kan nie gearresteer, verhoor of gevonnissen word sonder 'n goeie rede nie.
 - D. jy kan jou eie opinies en oortuigings hê; jy kan nie geforseer word om in iets te glo nie. (1)
- 1.1.10 Opwarmingsoefeninge is belangrik voordat jy aan 'n fisiese aktiwiteit deelneem want ...
- A. dit help om jou polslag en asemhaling terug te kry tot rusvlak.
 - B. dit berei jou liggaam voor vir 'n spesifieke aktiwiteit wat jy gaan doen.
 - C. dit verminder styfheid wat jy die volgende dag mag voel.
 - D. dit verwyder die afvalprodukte van jou spiere. (1)

[10]

1.2 Bespreek kortliks die volgende konsepte:

- 1.2.1 Infrastruktuur (2)
- 1.2.2 Klimaatsverandering (2)

1.3 Gee die korrekte woord(e) vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer neer.

- 1.3.1 Die daad of praktyk om iemand dood te maak, wat baie siek of beseer is, om enige verdere lyding te voorkom. (2)
- 1.3.2 Sterk oortuigings wat waardevol, belangrik of aanvaarbaar is. (2)
- 1.3.3 Die verhouding van vet, spiere en been in die liggaam. (2)

[10]**TOTAAL VIR DIE AFDELING: [20]****AFDELING B (VERPLIGTEND)****Beantwoord al die vrae in die afdeling.****VRAAG 2****2. Beantwoord die volgende vrae in volsinne.**

- 2.1 Onderskei tussen 'stemmewerwing' ('lobbying') en 'voorspraak'. (4)
- 2.2 Deursigtigheid beteken die regering moet oop wees vir die publiek. Verskaf DRIE redes waarom deursigtigheid belangrik of noodsaaklik is. (3)
- 2.3 Verduidelik wat 'n 'geskiktheidsoudit' is en waarom dit belangrik is. (4)
- 2.4 Noem VIER nadelige gevolge van oorbevissing op die omgewing en op mense. (4)

[15]

VRAAG 3**Beantwoord die volgende vrae in volsinne.**

3. Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Kaapstad het die eerste stad in Afrika geword wat offisieel, een vleis-vrye dag in die week ondersteun. Die stad se Gesondheidsportefeulje het die 'veldtog vir medelye' in wêreldboerdery ondersteun. Die massiewe moderne stelsel van fabriekboerdery beskadig die diere, mense en die planeet. In fabriekboerdery, is die welstand van die diere nie belangrik nie. Diere word dikwels in beknopte hokke, kratte of skure aangehou, wat nie gesond is vir die diere nie. Die diere in die onmenslike boerderye produseer kweekhuiskasse wat lei tot klimaatsveranderinge.

- | | | |
|-----|---|-------------|
| 3.1 | Defineer 'fabriekboerdery'. | (2) |
| 3.2 | Verduidelik hoe die welvaart van diere kan verbeter indien minder vleis geëet word. | (4) |
| 3.3 | Lys TWEE maniere hoe die fabriekboerdery kan lei tot swak gesondheid in mense. | (2) |
| 3.4 | Evalueer krities op watter maniere die massiewe skaal van fabriekboerdery die planeet beskadig. | (4) |
| 3.5 | Verskaf DRIE voorbeelde van kweekhuiskasse. | (3) |
| | | [15] |

TOTAAL VIR DIE AFDELING: [30]

AFDELING C [OPSTELTIPE VRAE]

Beantwoord enige TWEE vrae in die afdeling.

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Sokkergeweld 'die ergste in jare'.

Polisie het gesê die geweld tussen twee mededigende groepe sokkerboewe, was die ergste wat hulle in jare gesien het. Meer as 150 offisiere was uitgestuur deur die polisie in die sokkerwedstryd tussen Sheffield College en Cardiff College.

Maar moeilikheid het opgevlam tussen ondersteuners voor en gedurende die wedstryd, wat gelei het tot ses mans wat beseer is en 'n verdere ses wat gearresteer is.

[Aangepas uit: <http://www.dailymail.co.uk/newsarticle>]

Bespreek negatiewe of swak sportgedrag onder die volgende opskrifte:

- Wat veroorsaak toeskoueraggressie? (6)
 - Hoe kan wedstryde veilig gehou word? (5)
 - In die skole konteks, hoe kan die sporterekode van goeie sportmanskap bydrae tot goeie sportgedrag? (4)
- [15]**

VRAAG 5

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

'n Gebalanseerde lewenstyl beteken daar is balans, harmonie of gelykheid tussen die vyf aspekte van jou lewe. Hierdie aspekte van welsyn is verbind. As jy een aspek verwaarloos, sal die ander aspekte ook benadeel word.'

- Na aanleiding van die bostaande uittreksel bespreek die vyf aspekte van jou lewe. (15)

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Padongelukke

'In Desember 2016, het Mark van Cornwall, in sy kar gesit en gewag om regs te draai. Skielik was sy kar getref deur 'n ander kar wat veroorsaak het dat Mark se

kar se buffer afgeruk is en die kar vorentoe gestoot is.

Mark het op daardie oomblik gely aan 'n bestaande rugbesering en die ongeluk het sy pyn en ongemak verhoog.'

Verduidelik padongelukke onder die volgende opskrifte:

- Verduidelik hoe padongelukke 'n negatiewe impak op jou lewensstylkeuses kan hê. (5)
 - In kort bespreek die impak van onveilige praktyke op jouself en ander met spesifieke verwysing na aggressiewe padgebruik. (5)
 - Suggereer vyf maniere waarop ons die aantal padongelukke wat elke feesseisoen plaasvind, kan verminder. (5)
- [15]**

TOTAAL VIR DIE AFDELING: [30]

GROOTTOTAAL: [80]